# KOMMISSARIS KIESWETTER SE TERMYN VERLENG

**27 Februarie 2024** - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) bevestig dat President Cyril Ramaphosa die SARS Kommissaris, mnr. Edward Kieswetter, versoek het om langer as sy huidige termyn, wat op 30 April 2024 sou geëindig het, aan te bly. Beide partye het ingestem tot die verlenging van sy termyn as kommissaris vir 'n tydperk van twee jaar.

Die besluit is gebaseer op die verstandhouding dat die verlengde termyn SARS die geleentheid sal bied om die sy strategiese oogmerk en transformasie, wat die organisasie in 2019 onderneem het, verder te anker. Die land as geheel kan getuig dat meetbare vordering gemaak is om SARS te posisie te vestig as geloofwaardige belasting- en doeane-owerheid wat 'n sentrale rol speel om die regering te help om 'n bekwame staat te bou vir die maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling van alle Suid-Afrikaners. Kommissaris Kieswetter het gesê: "Hierdie poging moet geïntensifiseer en volhou word".

Die termynverlenging verskaf ook die nodige tyd om te volhard in die bestaande belegging om SARS se leierskapsbank te versterk en voor te berei vir 'n ordelike leierskapsoorgang in die organisasie oor die volgende twee jaar.

Kommissaris Kieswetter het gesê: "Ek kan alle Suid-Afrikaners verseker dat, met julle ondersteuning, SARS geen moeite sal ontsien nie en sal aanhou hard werk om te verseker dat die visie van 'n slim, moderne SARS met onbetwisbare integriteit wat deur almal bewonderd is, behaal word. SARS bly geïnspireer deur die transformerende hoër doelwit om alle Suid-Afrikaners te dien".

Vir meer inligting, kontak SARSmedia@sars.gov.za.